



NGB Artikel 6:

“ONDERSKEID TUSSEN DIE KANONIEKE EN APOKRIEWE BOEKE

Ons onderskei hierdie heilige boeke van die apokriewe boeke: die derde en vierde boek van Esra, die boek van Tobias, Judit, die Wysheid, Jesus Sirag, Barug, die byvoegsel by die geskiedenis van Ester, die Gebed van die drie manne in die vuur, die Geskiedenis van Susanna, die Beeld van Bel en van die Draak, die Gebed van Manasse en die twee boeke van die Makkabeërs.

Die kerk mag hierdie boeke wel lees en daaruit lering trek vir sover hulle met die kanonieke boeke ooreenstem.

Hulle het egter geensins sodanige krag of gesag dat iemand deur hulle getuienis enigiets van die geloof of van die Christelike godsdiens sou kan bevestig nie. Hulle mag nie in die minste aan die gesag van die ander, die heilige boeke, afbreuk doen nie”.

Die onderskeid tussen kanonieke boeke en apokriewe boeke is belangrik. Die onderskeid is binne die Reformasie van groter belang omdat daar nie, soos binne die Roomse en Ortodokse tradisies, ander bronne van Openbaring is nie. Die kanonieke boeke word verstaan as die boeke wat God-geasem is, terwyl die apokriewe boeke op 'n manier verband hou met die Bybel, maar nie aanspraak maak op Openbaring status nie. Die apokriewe kan gelees word om 'n beter verstaan te kweek ten opsigte van agtergrond vir

die Bybel, maar dra geen gesag op hul eie nie en kan nie die boodskap van die Bybel ondergrawe nie.

Daar is tussen 12 en 15 Ou Testament apokriewe. Daar kan debat gevoer word oor die status van boeke wat dit nie gemaak het om deel van die Nuwe Testament te wees nie. Dit is deels omdat daar so baie van hierdie boeke is wat bestaan. Dit is veral die apokaliptiese literatuur wat 'n oorfloed apokriewe geskrifte bevat. Wat staan in die Apokriewe? Kom ons kyk na die inhoud van die boeke genoem in die NGB.

die derde en vierde boek van Esra,

In die Engels as Esdras aangedui, sluit 3 en 4 Esra aan by die kanonieke Esra en gee bykomende inligting. In die Septuagint verskyn die derde boek as uitgebreide Esra. Daar is verskeie historiese diskrepansies soos die feit dat die regeringstye van Darius 1 en Artaxerxes omgeruil word. Sommige kommentare beweer dat dit 'n prolepsis (vervroegde gebruik van 'n gebeurtenis of sinsdeel tipies van dié verskynsel) is om sekere feite te beklemtoon. Esra 3 vertel meer van Josia se hervormings, die vernietiging van die tempel in 586 VC en die Jode se terugkeer vanuit ballingskap. Die vierde boek van Esra moet redelik laat gedateer word en is nie in die Septuagint opgeneem nie. Soms genoem die apokalips van Esra, bevat die boek sewe visioene van Esra wat handel oor die wroeging van Jode wat deur heidene gemartel en verneder word. Daar is verskeie woorde van troos in hierdie boek en ses

Messiaanse verwysings. Die boek is ruim aangehaal deur die vroeë Christen skrywers. Die visioene: Die eerste visioen vind plaas terwyl Esra in Babilonië is. Esra vra God hoe Israel so kan ly, indien God regverdig is. Die aartsengel, Uriel (אֱוִרְיָאֵל - God is my lig), word gestuur om te antwoord dat God se weë nie deur die menslike verstand begryp kan word nie. Die einde kom wel en dan sal God se geregtigheid duidelik blyk. Op soortgelyke wyse vertel die tweede visioen van Esra wat wonder oor die Jode in die mag van Babilon en die antwoord is dat die mens dit nie kan verstaan nie maar dat die einde naby is. In die derde visioen wonder Esra waarom Israel nie die hele wêreld besit nie, waarop Uriel antwoord dat die wêreld in 'n oorgangsfase is. Die volgende drie visioene is simbolies van aard. Visioen vier vertel van 'n vrou wat rou oor haar enigste seun, maar die vrou word in die visioen verander na 'n hele stad wat aanhoor van die vernietiging van Sion. Uriel sê dat die vrou Sion verteenwoordig. Die vyfde visioen vertel van 'n arend met drie koppe en twintig vlerke wat deur 'n leeu vermaan word en dan verbrand. Die arend verteenwoordig die vierde koninkryk in Daniël se visioen waar die laaste toneel vertel van die oorwinning deur die Messias.

Die sesde visioen vertel van 'n man wat die Messias voorstel wat vuur blaas oor 'n skare wat hom aanval. Die man draai dan na 'n vreedsame skare wat hom aanvaar. Die laaste visioen vertel van die herstel van die Skrif. God verskyn aan Esra en beveel hom om die Wet in ere te herstel. Esra kry vyf skribas en begin dikteer. Binne 40 dae het hy die

hele Ou Testament en sewentig geheime werke gedikteer.

Die boek van Tobias,

Tobias (in Aramees geskryf) vertel van 'n welgestelde, regverdige Israeliet, Tobit, uit die stam van Naftali wat in Nineve gelewe het nadat die Noordelike stamme na Assirië (721 vC) weggevoer is. Hy is deur sy ouma aan vaderskant grootgemaak en het getrou gebly aan diens aan die Here, en wou niks weet van die goue kalf aanbidding van Jerobeam nie. Hy het in die besonder bekendheid verwerf as iemand wat mense wat deur die Assiriërs doodgemaak is, behoorlik begrawe het. Sy optrede maak dat die koning sy eiendom in beslag neem en hom verban. Na die koning se dood kan hy terugkom en dan per geleentheid begrawe hy 'n man wat op die strate vermoor is. Daardie nag slaap hy buite (gate grawe is warm werk) en word verblind deur voëlmis. Sy blindheid plaas druk op sy huwelik en hy bid om te sterwe.

Daardie selfde nag in Media bid Sara, familie van Tobit, ook om te sterwe. Sy is hartseer omdat sy gespot word oor sewe huwelike. Die demoon Asmodeus vermoor telkens haar man voordat die huwelik voltrek kan word.

Tobit verwag om enige dag te sterwe en stuur sy seun Tobias om na Media te gaan om 'n groot bedrag geld te gaan haal. Op pad word Tobias vergesel deur die aartsengel, Rafael, sonder dat Tobias weet wie sy reisgenoot is. Op pad na Media word hy deur 'n vis aangeval. Op Rafael se aandrang maak hy die vis dood en sny die gal, die lewer en die hart vir medisinale redes uit. In Media trou Tobias (op aandrang van

Rafaël) met Sara, raak ontslae van die demoon deur die vis se hart en lewer te gebruik en kan dan die huwelik voltrek. Terug tuis gebruik Tobias die vis se gal om sy pa se blindheid te genees.

Judit

Die boek is 'n eeu of twee voor Christus se geboorte geskryf. Die verhaal sentreer rondom 'n waaghalsige en beeldskone weduwee. Die leiers van haar dorp, Betulia, stel God voor 'n ultimatum; Hy moet hulle red of hulle gaan hulselfoorgee aan die generaal van Nebukadneser, ene Holofernes. Sy is oortuig dat dit onvanpas en arrogant is om sodanige eis aan God te stel en besluit om self iets te doen. Sy verlaat die dorp en gaan na die vyand se kamp onder voorwendsel dat sy die vyand inligting gaan gee wat die oorwinning sal vergemaklik. Holofernes is betower deur haar skoonheid en nooi haar in sy kamp in. Terwyl hy een aand goed beskonke is lok sy hom alleen in sy tent in en daar onthoof sy hom. Sy sluip terug dorp toe met sy kop en die vyand, leierloos, gaan terug na hulle vaderland.

die Wysheid,

Ook bekend as die Wysheid van Salomo – al verskyn sy naam nêrens in die teks nie. Die boek het in die eerste eeu voor Christus ontstaan en daar is vandag konsensus dat Salomo nie die outeur was nie. Tog bevat die boek

wysheid-spreuke wat aan Spreuke herinner, met sekere dele van die inhoud wat soms as Christus profesie verstaan word. Die boek word as apokrief beskou omdat wysheid in hierdie boek tot goddelike status verhef word.

Jesus Sirag,

Die Wysheid van Sirag bestaan uit 'n reeks etiese uitsprake en onderrig oor etiese sake. Die boek bied homself aan as 'n versameling etiese spreuke deur een outeur geskryf, maar kommentators vermoed hy was die versamelaar/samesteller van die boek. Die spreuke dek 'n wye veld en sluit sake soos die verhouding tussen ouers en kinders, mans en vrouens, vriende en optredes teenoor ryk en arm in. Sirag se wysheid plaas die fokus op die Wet en vrese vir die Here. Die spreuke is baie noukeurig formuleer met goeie voorbeelde en vertoon kennis van die menslike hart. Tog is Sirag baie negatief teenoor vroue en slawe en toon hy in aanbevelings oor die saak verwoord amper geen wysheid nie.

In die volgende aflewering van *Die Skietlood* word opsommend gehandel oor die res van die apokriewe van die Ou Testament.